(2) An employer may, to facilitate the keeping of a record of the starting and stopping time and hours of work of his employees, require them to clock in and out of work, and may, before paying to any employee any wages and/or remuneration for any period not recorded by the clock, require that employee to show satisfactory proof of having been at work: Provided that an employee shall be paid in terms of this Agreement for all time recorded by the clock which falls within the starting and stopping time of the shift for that day of the week, excluding meal breaks, as notified by the employer to his employees in terms of clause 20 (2) of this Part and for all time which he is required by the employer to work which does not fall within such starting and stopping times.

(3) Unless otherwise authorised by the Council, the maximum overtime that may be worked, including work on Sundays, shall not exceed 10 hours per week.

(4) In any establishment working a two-shift or three-shift system, no employee may work at night time for more than 12 consecutive working shifts and no employee may work more than one shift in any period of 24 hours except when a change in the rotation of shifts makes this necessary.

(5) An employee shall not be required or permitted to work for more than five hours continuously without an uninterrupted interval of not less than one hour, during which interval the employee shall not be required or permitted to perform any work: Provided that—

- (i) an employer may agree with a majority of his employees to reduce the period of the interval to not less than half an hour, in which case the employer shall grant to each of his employees a rest interval of not less than 10 minutes as nearly as practicable in the middle of each work period before and after such interval, during which periods the employee shall not be required or permitted to perform any work. Such rest intervals shall be deemed to be part of the ordinary hours of work of the employee concerned;

- (ii) except as provided for in paragraph (i) or (iii) hereof, periods of work interrupted by intervals of less than one hour shall be deemed to be continuous;

- (iii) when, by reason of any overtime worked, an employer is required to give an employee a second interval, such interval may be reduced to an interval of not less than 15 minutes.

(6) (a) No employee who is a female shall be required or permitted to work—

- (i) between 18h00 and 06h00; or
- (ii) after 13h00 on more than five days in any week.

(b) No employee who is a female shall be required or permitted to work overtime—

- (i) for more than two hours on any day;
- (ii) on more than three consecutive days;
- (iii) on more than 60 days in any year;
- (iv) after completion of her ordinary working hours, for more than one hour on any day unless she has—

- (aa) been given notice thereof before 12h00; or
- (ab) been provided with an adequate meal before she has to commence overtime; or
- (ac) has been paid an allowance in sufficient time to enable her to obtain a meal before the overtime is due to commence.

(7) The provisions of this clause shall not apply to employees employed on watchman's work.

6. OORTYDWERK EN BETALING VIR WERK OP SONDAE

(1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie klousule en in klousule 7 van hierdie Deel van die Ooreenkoms, word tyd wat werknemers na voltooiing van die gewone skof in die betrokke bedryfsinrigting gewerk het, geag oortydwerk te wees, en daarvoor moet soos volg betaal word:

(a) Een en een derde maal die uurloon vir die eerste ses uur;

(b) daarna en en 'n half maal die uurloon tot die gewone aanvangstyd van die werknemer se daaropvolgende gewone skof: Met dien verstande dat in die geval van bedryfsinrigtings wat vyf dae per week werk, daar vir tyd wat op Saterdag gewerk word, betaal moet word teen een en een derde maal die uurloon vir die eerste ses uur, gereken vanaf die gewone aanvangstyd op 'n gewone werkdag, en daarna teen een en 'n half maal die uurloon.

(2) Wanneer 'n werknemer te eniger tyd na verloop van ses uur ná die voltooiing van sy gewone skof vir dringende werk uitgeroep word, moet hy een en 'n half maal sy uurloon betaal word vir tyd gewerk vanaf die tyd waarop hy begin werk het tot die gewone aanvangstyd van sy daaropvolgende gewone skof: Met dien verstande dat 'n werknemer wat vir dringende werk uitgeroep word, in elk geval een en 'n half maal sy uurloon betaal moet word vir tyd wat vanaf middernag tot die gewone aanvangstyd van sy gewone skof gewerk is.

(3) Wanneer daar van 'n werknemer vereis word om hom voor die gewone aanvangstyd vir daardie dag van die week vir werk aan te meld, moet hy een en 'n half maal sy uurloon betaal word vir tyd gewerk tot die gewone aanvangstyd van die skof.

(4) In alle gevalle waar 'n werknemer op eie versoek op 'n Saterdag vroeër begin werk as die gewone aanvangstyd, moet 'n werknemer wat vyf dae per week werk een en een derde maal sy uurloon betaal word vir die eerste ses uur, gereken vanaf die tyd waarop hy begin werk het, en een en 'n half maal sy uurloon daarna, en moet 'n werknemer wat ses dae per week werk sy gewone uurloon betaal word vir die tydperk van die gewone werkdag op 'n Saterdag en daarna soos in subklousule (1) van hierdie klousule bepaal: Met dien verstande dat, as die werknemer meer as twee uur vroeër as die gewone aanvangstyd begin werk, daar vir alle tyd gewerk tot twee uur voor die gewone aanvangstyd betaal moet word teen een en 'n half maal die uurloon van die werknemer. Vir die toepassing van hierdie subklousule beteken "gewone aanvangstyd" die gewone aanvangstyd op 'n gewone werkdag.

(5) Wanneer 'n werknemer (uitgesonderd 'n werknemer wat dringende onderhouds- en/of dringende herstelwerk verrig) op 'n Sondag werk, moet hy teen een en twee derde maal sy uurloon betaal word vir die tyd wat hy gewerk het en moet hy minstens een en twee derde maal die uurloon vir die ure van 'n gewone skof ontvang: Met dien verstande dat, as die oortydwerk na middernag op 'n Sondag voortgesit word, die werknemer nog een en twee derde maal die uurloon betaal moet word tot sy gewone aanvangstyd op Maandagoggend: Voorts met dien verstande dat, waar die werkgever werk verskaf om die werknemer besig te hou vir die ure van 'n gewone skof en die werknemer versuim of weier om vir die volle tydperk wat van hom vereis word, te werk, sodanige werknemer op betaling geregtig is slegs vir die tydperk wat hy werklik gewerk het.

(6) Werknemers wat dringende onderhouds- en/of dringende herstelwerk (hierna "dringende werk" genoem) verrig, moet vir werk op Sondag minstens een en twee derde maal die uurloon betaal word vir die ure gewerk en moet minstens vier uur se betaling teen een en twee derde maal die uurloon ontvang vir ure voor 12h00 gewerk. Waar sodanige werk tot in die namiddagtydperk strek, moet daar vir minstens agt uur teen een en twee derde maal die uurloon betaal word.

"Dringende werk" beteken en is beperk tot dringende onderhouds- of herstelwerk in verband met 'n werkgever se eie installasie en/of masjinerie en/of Sondagwerk in verband met skepe, waar sodanige herstelwerk nodig is om te voorkom dat die skip vertrap word of noodsaaklik is vir die behoorlike werking daarvan.

(7) Die bepalings van hierdie klousule in verband met betaling vir werk op Sondag is nie van toepassing nie ten opsigte van skofte wat op Sondag begin in bedryfsinrigtings wat volgens 'n tweeskof- of 'n drieskofstelsel werk nie, en hiervoor moet soos volg betaal word:

(a) Vir die ure voor middernag gewerk, een en 'n half maal die gewone uurloon plus 10 persent;

(b) vir die ure na middernag en tot die voltooiing van die skof gewerk, die gewone uurloon, plus 10 persent.

6. OVERTIME AND PAYMENT FOR WORK ON SUNDAYS

(1) Except as is otherwise provided in this clause and in clause 7 of this Part of the Agreement, time worked by employees after the completion of the usual shift in the establishment concerned, shall be regarded as overtime and be paid for as follows:

(a) At one and one-third times the hourly rate for the first six hours;

(b) thereafter at one and one-half times the hourly rate until the usual starting time of the employee's next normal shift: Provided that in the case of establishments working a five-day week time worked on Saturdays shall be paid for at one and one-third times the hourly rate for the first six hours reckoned from the usual starting time on an ordinary working day and at one and one-half times the hourly rate thereafter.

(2) Whenever an employee is called out on urgent work any time after six hours of having completed his normal shift, he shall be paid at one and one-half times his hourly rate for time worked from the time he had commenced work until the usual starting time of his next normal shift: Provided that an employee who is called out on urgent work shall in any case be paid at one and one-half times his hourly rate for time worked from midnight until the usual starting time of his normal shift.

(3) Whenever an employee is required to report for work before the usual starting time for that day of the week, he shall be paid at one and one-half times his hourly rate for time worked until the usual starting time of the shift.

(4) In any case in which an employee starts work on Saturday earlier than the usual starting time at his own request an employee working a five-day week shall be paid at one and one-third times his hourly rate for the first six hours reckoned from when he starts work and at one and one-half times his hourly rate thereafter, and an employee working a six-day week shall be paid at his ordinary hourly rate for the period of the ordinary hours of work on a Saturday and be paid thereafter as provided for in subclause (1) of this clause: Provided that if the employee starts more than two hours earlier than the usual starting time, any time worked up to two hours before the usual starting time shall be paid for at one and one-half times the hourly rate of the employee. For the purposes of this subclause, "usual starting time" means the usual starting time on an ordinary working day.

(5) Whenever an employee (other than an employee engaged on urgent maintenance and/or urgent repairs) works on a Sunday he shall be paid at one and two-thirds times the hourly rate for time worked with a minimum payment of one and two-thirds times the hourly rate for the hours of a normal shift: Provided that if the overtime continues after midnight on a Sunday the employee shall continue to be paid at the rate of one and two-thirds times the hourly rate until his usual starting time on Monday morning: Provided further that where the employer provides work to occupy the employee for the hours of a normal shift and the employee fails or refuses to work the full period required of him, such employee shall be entitled to payment only for the period actually worked.

(6) Employees engaged on urgent maintenance and/or urgent repairs (referred to hereafter as "urgent work") shall be paid for work on Sundays at not less than one and two-thirds times the hourly rate for the hours worked with a minimum payment of not less than four hours' pay at one and two-thirds times the hourly rate in respect of hours worked prior to 12h00. Where such work extends into the afternoon period a minimum payment of eight hours at one and two-thirds times the hourly rate shall apply.

"Urgent work" means and shall be limited to urgent maintenance or repair work in connection with an employer's own plant and/or machinery and/or Sunday work in connection with ships, where such repairs are necessary to avoid delay to the ship or are essential to the proper functioning thereof.

(7) The provisions of this clause relating to payment for work on Sundays shall not apply in respect of shifts commencing on Sunday night in establishments working a two-shift or three-shift system, which shall be paid for as follows:

(a) For the hours worked before midnight at one and one-half times the ordinary hourly rate, plus 10 per cent;

(b) after midnight until completion of the shift at the ordinary hourly rate, plus 10 per cent.

(8) Vir die toepassing van hierdie klousule beteken—

“n gewone skof” een vyfde van die gewone weeklikse werkure van 'n bedryfsinrigting wat vyf dae per week werk of een sesde van die gewone weeklikse werkure van 'n bedryfsinrigting wat ses dae per week werk;
 “gewone aanvangstyd” die aanvangstyd op 'n gewone werkdag.

(9) Hierdie klousule is nie op wagte van toepassing nie: Met dien verstande dat waar 'n wag langer as 'n skof van 12 uur op 'n keer werk, die tyd aldus gewerk na voltooiing van 'n 12-uurskof geag word oortydwerk te wees waarvoor die wag betaal moet word teen minstens een en een-derde maal sy gewone loon op 'n uurgrondslag bereken: Voorts met dien verstande dat as daar van 'n wag vereis word om op sewe dae per week te werk, hy vir werk op die sewende dag verrig teen minstens dubbel sy gewone loon op 'n uurgrondslag bereken, betaal moet word.

(10) Ondanks subklousule (1), waar 'n werknemer in 'n bepaalde week gedurende enigeen van of al die gewone ure van 'n skof of skofte in die betrokke bydryfsinrigting van die werk afwesig is, moet sodanige ure nie deur die werknemer gewerk nie, afgetrek word van die oortydure gewerk en moet die werknemer vir die ure aldus afgetrek sy gewone loon betaal word: Met dien verstande dat—

(a) as die getal gewone werkure wat die werknemer in 'n bepaalde week afwesig is, meer is as die getal oortydure gewerk, die werknemer vir alle sodanige oortydure die gewone uurloon betaal kan word; en

(b) waar 'n werknemer met die toestemming van sy werkgever of weens siekte of omstandighede buite sy beheer van die werk afwesig is, hierdie subklousule nie van toepassing is nie en hy vir die oortydure in so 'n geval gewerk betaal moet word teen die oortydskaal wat van toepassing is op die oortydure gewerk: Met dien verstande dat 'n werkgever 'n doktersertifikaat van 'n werknemer kan vereis as bewys van die oorsaak van sy afwesigheid.

Betaling ingevolge hierdie subklousule moet geskied soos in klousule 9 (1) van hierdie Deel van die Ooreenkoms bepaal.

(11) 'n Werknemer wat deur die toepassing op hom van enigeen van die bepalinge van subklousule (10) veronreg voel, kan by die Raad teen die besluit appèl aanteken, en die Raad kan, nadat hy alle redes wat vir so 'n besluit voorgelê is, oorweeg het, daardie besluit bekragtig of 'n ander besluit neem wat na sy mening in daardie geval geneem behoort te gewees het.

7. SKOFWERK

(1) Daar moet vir nagskofwerk betaal word teen die gewone uurloon, plus 10 persent.

(2) Ten einde geag te word nagskofwerk te verrig, moet 'n werknemer drie of meer agtereenvolgende nagte tussen 18h00 op Maandag en 06h00 op Saterdag van dieselfde week werk, behalwe in die geval van skeepswerk, waar enige drie of meer nagte wat agtereenvolgens gewerk word nagskofwerk kan uitmaak.

(3) Daar moet minstens ses uur verloop tussen die diens van 'n werknemer op nagskof en sy diens op dagskof: Met dien verstande dat 'n werknemer gedurende sodanige tussen-tydperk van ses uur kan werk as oortydbesoldiging teen een en een derde maal die uurloon aan hom betaal word.

(4) In bedryfsinrigtings wat volgens 'n tweeskof- of drieskofstelsel werk, moet betaling soos volg geskied:

(a) *Tweeskofstelsel.*—(i) Vir werk wat gewoonlik verrig word op die skof wat in die oggend begin, moet die gewone uurloon betaal word: Met dien verstande dat as die skof voor 06h00 begin, daar vir tyd wat voor 06h00 gewerk word, betaal moet word teen die gewone uurloon, plus 10 persent;

(ii) vir werk wat gewoonlik op die tweede skof verrig word, moet daar soos volg betaal word:

(aa) Wanneer die ure vir die volle skof geheel en al binne 'n tydperk vanaf 18h00 tot 06h00 val, die gewone uurloon, plus 10 persent;

(ab) wanneer die ure vir die volle skof nie geheel en al binne 'n tydperk vanaf 18h00 tot 06h00 val nie, die gewone uurloon, plus 5 persent, tot middernag, en na middernag die gewone uurloon, plus 10 persent.

(b) *Drieskofstelsel.*—Vir werk wat gewoonlik verrig word op die—

(i) tweede skof, die gewone uurloon, plus 5 persent;

(ii) derde skof, die gewone uurloon, plus 10 persent.

(8) For purposes of this clause—

“a normal shift” is one-fifth of the ordinary weekly hours of work of an establishment working a five-day week or one-sixth of the ordinary weekly hours of work of an establishment working a six-day week;

“usual starting time” means the starting time on an ordinary working day.

(9) The provisions of this clause shall not apply to employees employed on watchman's work: Provided that whenever a watchman works longer than a shift of 12 hours at a time, time so worked after completion of a 12-hour shift shall be regarded as overtime for which the watchman shall be paid at the rate of not less than one and one-third times his normal rate calculated on an hourly basis: Provided further that should a watchman be required to work on seven days per week he shall be paid for work done on the seventh day at the rate of not less than double his normal rate calculated on an hourly basis.

(10) Notwithstanding the provisions of subclause (1), where in any one week an employee absents himself from work during any or all of the ordinary hours of a shift or shifts observed in the establishment concerned, such ordinary hours not worked by the employee shall be deducted from the hours of overtime worked and the hours so deducted shall be paid for at the employee's ordinary rate: Provided that—

(a) if the number of ordinary hours of work on which the employee is absent in any one week is in excess of the number of overtime hours worked; all such overtime hours may be paid for at the employee's ordinary hourly rate; and

(b) where an employee is absent from work with the permission of his employer or absent on account of sickness or circumstances beyond his control, the provisions of this subclause shall not apply and the overtime hours worked in such case shall be paid at the overtime rate applicable to the overtime hours worked: Provided that an employer may call on an employee for a medical certificate in proof of cause of absence.

Payment under this subclause shall be made as provided for in clause 9 (1) of this Part of the Agreement.

(11) Any employee who is aggrieved by the application to him of any of the provisions of subclause (10) may appeal to the Council against the decision applied to him, and the Council may, after considering any reasons which may be submitted for such decision, confirm that decision or give such other decision as in its opinion ought to have been given in such case.

7. SHIFT WORK

(1) Night shift work shall be paid for at the ordinary hourly rate, plus 10 per cent.

(2) In order to be on night shift work an employee must work three or more consecutive nights between 18h00 on Monday and 06h00 on Saturday of the same week, except on marine work where any three or more nights worked consecutively may constitute night shift work.

(3) Not less than six hours shall elapse between the employment of an employee on night shift and on day shift: Provided that an employee may work during such interim period of six hours if overtime is paid at one and one-third times the hourly rate.

(4) In establishments working a two-shift system or three-shift system, payment shall be as follows:

(a) *Two-shift system.*—(i) Work ordinarily performed on the shift commencing in the morning shall be paid at ordinary hourly rates: Provided that if the shift commences before 06h00, time worked prior to 06h00 shall be paid for at the ordinary hourly rate, plus 10 per cent;

(ii) work ordinarily performed on the second shift shall be paid for as follows:

(aa) When the hours for the complete shift fall wholly within any period from 18h00 to 06h00 at the ordinary hourly rate, plus 10 per cent;

(ab) when the hours for the complete shift do not fall wholly within any period from 18h00 to 06h00 at the ordinary hourly rate, plus 5 per cent, until midnight and after midnight, at the ordinary hourly rate, plus 10 per cent.

(b) *Three-shift system.*—Work ordinarily performed on the—

(i) second shift, at the ordinary hourly rate, plus 5 per cent;

(ii) third shift, at the ordinary hourly rate, plus 10 per cent.

(5) Tyd deur werknemers volgens die skofstelsel gewerk na voltooiing van die gewone skof in die betrokke bedryfsinrigting, word geag oortydwerk te wees en daarvoor moet soos volg betaal word:

(a) Een en een derde maal die verhoogde uurloon vir die eerste ses uur;

(b) daarna een en 'n half maal die verhoogde uurloon tot die gewone aanvangstyd van die werknemer se daaropvolgende gewone skof.

Vir die toepassing van bostaande bepalings beteken "verhoogde uurloon" die gewone uurloon, plus die persentasie-bedrag daarop betaalbaar aan die einde van die skof.

(6) Hierdie klousule is nie van toepassing op werknemers wat 'n wag se werk verrig nie.

(7) Ondanks subklousule (5), waar 'n werknemer in 'n bepaalde week gedurende enigeen van of al die gewone ure van 'n skof of skofte in die betrokke bedryfsinrigting van die werk afwesig is, moet sodanige gewone ure nie deur die werknemer gewerk nie, afgetrek word van die oortydure gewerk en moet die werknemer vir die ure aldus afgetrek, sy gewone loon betaal word: Met dien verstande dat—

(a) as die getal gewone werkure wat die werknemer in 'n bepaalde week afwesig is, meer is as die getal oortydure gewerk, die werknemer vir alle sodanige oortydure sy gewone uurloon betaal kan word; en

(b) waar 'n werknemer met die toestemming van sy werkgever of weens siekte of omstandighede buite sy beheer van die werk afwesig is, hierdie subklousule nie van toepassing is nie en hy vir die oortydure in so 'n geval gewerk, betaal moet word teen die oortydskaal wat van toepassing is op die oortydure gewerk: Met dien verstande dat 'n werkgever 'n doktersertifikaat van 'n werknemer kan vereis as bewys van die oorsaak van sy afwesigheid.

Betaling ingevolge hierdie subklousule moet geskied soos in klousule 9 (1) van hierdie Deel van die Ooreenkoms bepaal.

(8) 'n Werknemer wat deur die toepassing op hom van enigeen van die bepalings van subklousule (7) veronreg voel, kan by die Raad teen die besluit appell aanteken, en die Raad kan, nadat hy alle redes wat vir so 'n besluit voorgelê is, oorweeg het, daardie besluit bekrachtig of 'n ander besluit neem wat na sy mening in daardie geval geneem behoort te gewees het.

8. KORTTYD

(1) 'n Werkgever kan van sy werknemers vereis om vir 'n kleiner getal ure as die gewone werkure van sy bedryfsinrigting te werk weens—

(a) 'n tekort aan werk en/of materiaal, en in so 'n geval moet 'n werkgever sy werknemers twee volle werkdae vooraf kennis gee van sy voorneme om korttyd te werk en moet hy die beskikbare werk sover doenlik verdeel onder die werknemers wat daardeur geraak word. Waar die werkgever uitdruklik van die werknemer vereis om hom op 'n bepaalde dag by die bedryfsinrigting aan te meld met die doel om vas te stel of werk beskikbaar sal wees, moet sodanige werknemer minstens vier uur se werk of betaling in plaas daarvan vir sodanige dag ontvang. As daar nie van die werknemer vereis word om hom by die bedryfsinrigting aan te meld nie, moet die werkgever die werknemer op die werkdag onmiddellik voor die dag waarop daar nie van hom vereis sal word om hom aan te meld nie, daarvan in kennis stel; of

(b) onvoorsiene gebeurlikhede en/of omstandighede buite die beheer van die werkgever. Waar voornoemde omstandighede ontstaan, word daar nie van 'n werkgever vereis om lone, uitgesonderd dié vir tydperke werklik gewerk, aan sy werknemers te betaal nie: Met dien verstande dat waar die werkgever van mening is dat die werk hervat kan word en hy uitdruklik aan sy werknemers opdrag gee om hulle op 'n bepaalde dag vir diens aan te meld, hulle minstens vier uur se werk of betaling in plaas daarvan ten opsigte van sodanige dag moet ontvang. Onvoorsiene gebeurlikhede en/of omstandighede buite die beheer van die werkgever, soos in hierdie paragraaf bedoel, omvat nie gure weer nie.

(1)bis 'n Werkgever moet die Raad binne sewe dae nadat daar met korttydwerk begin is, skriftelik daarvan in kennis stel.

(2) Kort skofte gewerk terwyl korttyd gewerk word, tel as skofte wat werklik gewerk is ten einde te kwalifiseer vir verlof met besoldiging soos in die Ooreenkoms bedoel.

(5) Time worked by employees on shift systems after the completion of the usual shift in the establishment concerned, shall be regarded as overtime and be paid for as follows:

(a) At one and one-third times the increased hourly rate for the first six hours;

(b) thereafter, at one and one-half times the increased hourly rate until the usual starting time of the employee's next normal shift.

For the purposes of the above, "increased hourly rate" means the ordinary hourly rate, plus the amount per cent payable thereon at the concluding time of the shift.

(6) The provisions of this clause shall not apply to employees employed on watchman's work.

(7) Notwithstanding the provisions of subclause (5) where in any one week an employee absents himself from work during any or all of the ordinary hours of a shift or shifts observed in the establishment concerned, such ordinary hours not worked by the employee, may be deducted from the hours of overtime worked and the hours so deducted may be paid for at the employee's ordinary rate: Provided that—

(a) if the number of ordinary hours of work on which the employee is absent in any one week is in excess of the number of overtime hours worked, all such overtime hours may be paid for at the employee's ordinary hourly rate; and

(b) where an employee is absent from work with the permission of his employer or absent on account of sickness or circumstances beyond his control, the provisions of this subclause shall not apply and the overtime hours worked in such case shall be paid for the overtime rate applicable to the overtime hours worked: Provided that an employer may call on an employee for a medical certificate in proof of cause of absence.

Payment under this subclause shall be made as provided for in clause 9 (1) of this Part of the Agreement.

(8) Any employee who is aggrieved by the application to him of any of the provisions of subclause (7) may appeal to the Council against the decision applied to him, and the Council may, after considering any reasons which may be submitted for such decision, confirm that decision or give such other decision as in its opinion ought to have been given in such case.

8. SHORT-TIME

(1) An employer may require his employees to work for a lesser number of hours than the ordinary hours of work of his establishment due to—

(a) a shortage of work and/or materials, in which case an employer shall give his employees two clear working days' notice of his intention to work short-time, and shall, so far as practicable, spread the work available among the employees affected. Where the employee is expressly required by the employer to report at the establishment on any one day for the purpose of ascertaining if work will be made available, he shall receive not less than four hours' work or pay in lieu thereof, in respect of such day. If the employee is not required to attend the establishment, the employer shall advise the employee on the working day immediately preceding the day on which he is not required to attend; or

(b) unforeseen contingencies and/or circumstances beyond the control of the employer. In the event of the foregoing circumstances arising an employer shall not be required to pay wages to his employees except for the periods actually worked: Provided that where the employer believes that resumption of work can be effected and expressly instructs his employees to present themselves for employment on a particular day, they shall receive not less than four hours' work or pay in lieu thereof, in respect of such day. Unforeseen contingencies and/or circumstances beyond the control of the employer referred to in this paragraph shall not include inclement weather.

(1)bis An employer shall within seven days of commencement of working short-time, notify the Council in writing.

(2) Short shifts worked while working short-time shall count as shifts actually worked in order to qualify for the paid leave referred to in the Agreement.

9. BETALING VAN BESOLDIGING

(1) (a) Besoldiging moet weekliks op Vrydae in kontant betaal word. Betaling moet nie later as 15 minute na die gewone uitskeityd gedoen word nie en moet alle bedrae insluit wat aan die werknemer verskuldig is en wat bereken is tot en met die skof wat op die vorige Dinsdag van dieselfde week voltooi is: Met dien verstande

(b) waar die dienste van 'n werknemer ná die sluiting van die betaalweek beëindig word, is alle besoldiging wat ná die sluiting aan hom verskuldig is, betaalbaar voor of op die betaaldag waarop die besoldiging gewoonlik betaal sou gewees het: Met dien verstande dat sodanige besoldiging op versoek van die werknemer aan hom gestuur moet word aan die adres wat hy verskaf het.

(c) By betaling moet daar aan elke werknemer 'n staat gegee word waarop sy totale besoldiging, sy betaling vir gewone tyd en vir oortydwerk, sy toelaes en aftrekkings voorkom.

(2) 'n Werkgewer mag geen premie vir die opleiding van 'n werknemer vra of aanneem nie: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie geld ten opsigte van opleidingskemas waartoe 'n werkgewer regtens moet bydra nie.

(3) Behoudens andersluidende bepalinge in hierdie Ooreenkoms, mag geen bedrag hoegenaamd, uitgesonderd die volgende, van die bedrae wat ingevolge hierdie Ooreenkoms aan 'n werknemer betaalbaar is, afgetrek word nie:

(a) Bedrae vir kos of inwoning of albei ooreenkomstig klousule 2 van Seksie 2 van Deel II van hierdie Ooreenkoms;

(b) bedrae vir eethuisdienste, waar magtiging vir die aftrekking verleen is deur middel van 'n aftrekorder wat die werknemer kan beëindig deur hoogstens 28 dae vooraf kennis te gee van die beëindiging van sy instemming tot hierdie aftrekking;

(c) waar 'n werknemer van sy werk afwesig is, met inbegrip van afwesigheid gedurende verlof sonder betaling wat ter verlenging van sy verlof met betaling verleen is soos in hierdie Ooreenkoms bepaal, 'n pro rata-bedrag vir die tydperk van sodanige afwesigheid;

(d) met die skriftelike toestemming van die werknemer, bedrae vir siektebystands-, versekerings-, pensioen- en voorsorgfondse of bydraes tot ontspanningsfondse;

(e) bydraes tot die fondse van die Raad ingevolge klousule 23 van hierdie Deel van die Ooreenkoms;

(f) 'n bedrag wat 'n werkgewer regtens of op bevel van 'n hof met regsbevoegdheid moet of mag aftrek;

(g) waar 'n werkgewer weens 'n klerklike of boekhou- of administratiewe fout of verkeerde berekening aan 'n werknemer hoër besoldiging betaal as die bedrag wat regtens betaalbaar is, het die werkgewer die reg om die bedrag wat te veel betaal is, te verhaal deur dit van daaropvolgende lone of verdienstes af te trek op die volgende voorwaardes:

(i) Die bedrag kan van een of meer loon- of verdienste-betalings afgetrek word, maar geen aftrekking mag meer as 15 persent van die besoldiging waarvan dit afgetrek kan word, beloop nie;

(ii) sodanige bedrae mag nie van enige verlofbesoldiging of verlofbonus wat ingevolge hierdie Ooreenkoms of aan die werknemer of aan die Raad betaalbaar is, afgetrek word nie;

(iii) geen sodanige bedrag of bedrae mag afgetrek word nie, tensy die werkgewer die werknemer ten tyde van die eerste aftrekking, en die Raad binne sewe dae na die eerste aftrekking, skriftelik in kennis stel van die omstandighede waaronder die oorbetalings geskied het, van die bedrag wat dit beloop en van die bedrag of bedrae wat hy voornemens is om af te trek;

(h) met die skriftelike toestemming van die werknemer, ledegeld vir een van die vakverenigings;

(i) 'n bedrag wat 'n werkgewer ingevolge 'n wet, ordonnansie of regsproses namens 'n werknemer moet betaal en wel betaal het.

(4) Waar werk in 'n bedryfsinrigting of plek verrig word deur werknemers wat in spanne of ploë georganiseer is, moet die werkgewer aan elke werknemer sy verdienste betaal.

9bis. SPESIALE BEPALINGS VIR DIE BETALING VAN BESOLDIGING

(1) Ondanks klousule 9 (1) (a) rakende die betaling van besoldiging in kontant op Vrydag, kan 'n werkgewer by onderlinge reëlings met sy werknemers enige bedrag ingevolge hierdie Ooreenkoms aan 'n werknemer verskuldig per tjek aan hom betaal of in die krediet van sodanige werknemer by 'n bank, bougenootskap of geregistreerde depositonemende instelling wat deur die werknemer benoem is, inbetaal. Betaling per tjek of in die krediet van 'n werknemer by 'n bank, bougenootskap of depositonemende instelling wat deur die werknemer benoem is, moet op Vrydae geskied en moet alle betalings insluit wat aan die werknemer verskuldig is, bereken tot en insluitende die skof wat op die Dinsdag van dieselfde week voltooi is,

9. PAYMENT OF REMUNERATION

(1) (a) Remuneration shall be paid weekly in cash on Friday. Payment shall be made not later than 15 minutes after the ordinary stopping time, and shall include all payments due to the employee, calculated up to and including the shift completed on the preceding Tuesday of the same week; Provided that

(b) where the services of an employee are terminated after the closure of the pay-week, all remuneration due to him after that closure is payable not later than the pay-day on which the remuneration would normally have been paid: Provided that at the request of the employee such remuneration shall be forwarded to him at an address given by him.

(c) Every employee shall be given a statement on payment showing his total remuneration, ordinary time and overtime payments, allowances and deductions.

(2) No premium for the training of an employee shall be charged or accepted by an employer: Provided that this subclause shall not apply in respect of training schemes to which the employer is legally required to contribute.

(3) Except as otherwise provided in this Agreement, no deduction of any description other than the following may be made from the amounts payable in terms of this Agreement to any employee:

(a) For board or lodging or both in accordance with clause 2 of section 2 of Part II of this Agreement;

(b) for canteen services where the deduction is authorised by stop order terminable by the employee at not more than 28 days' notice of termination of his agreement of his deduction;

(c) where an employee is absent from work, including absence during any unpaid holiday granted in extension of the paid holidays provided for in this Agreement, a pro rata amount for the period of such absence;

(d) with the written consent of the employee, deductions for sick benefit, insurance, pension and provident funds, or contribution to recreation funds;

(e) contribution to the funds of the Council in terms of clause 23 of this Part of the Agreement;

(f) a deduction of any amount which an employer is legally or by order of any competent court required or permitted to make;

(g) where an employer, due to clerical or accounting or administrative error, or miscalculation pays an employee any remuneration in excess of the amount legally payable, the employer shall be entitled to recover the amount of the over-payment by deduction from subsequent wages or earnings subject to the following provisions:

(i) The deductions may be made from one or more payments of wages or earnings, but no one deduction may exceed 15 per cent of the remuneration from which it may be deducted;

(ii) no such deductions shall be made from any leave pay or leave bonus, payable under this Agreement, either to the employee or the Council;

(iii) no such deduction or deductions shall be made unless the employer, in writing, notifies the employee at the time of the first deduction and also notifies the Council within seven days of the first deduction, of the circumstances under which the overpayment was made, the amount thereof, the amount of the proposed deduction or deductions;

(h) with the written consent of the employee, deductions for subscriptions to one of the trade unions;

(i) any amount paid by an employer, compelled by law, ordinance or legal process to make payment on behalf of an employee.

(4) Where in any establishment or place work is performed by employees organised in sets or teams, each employee shall be paid his earnings by the employer.

9bis. SPECIAL PROVISIONS FOR PAYMENT OF REMUNERATION

(1) Notwithstanding the provisions of clause 9 (1) (a) relating to payment of remuneration in cash on Friday, an employer may by mutual arrangement with his employees pay any amount due to an employee in terms of this Agreement by cheque or to the credit of such employee with a bank, building society or registered deposit receiving institution nominated by the employee. Payment by cheque or to the credit of an employee in a bank, building society or deposit receiving institution nominated by the employee shall be made on Fridays and shall include all payments due to the employee calculated up to and including the shift completed on the Tuesday of the same week.

(2) In plaas van subklousule (1) van hierdie klousule en van klousule 9 (1):

(a) 'n Werkgewer kan ná onderlinge ooreenkoms met minstens 75 persent van sy werknemers die lone of verdienstes op 'n twee- of vierweeklikse grondslag betaal: Met dien verstande dat die Raad twee maande vooraf skriftelik kennis van dié reëlings gegee word;

(b) wanneer 'n werkgewer en sy werknemers ingevolge paragraaf (a) hiervan ooreengekom het om enige verskuldigde bedrag aan 'n werknemer op die vierde Vrydag van enige kalendermaand te betaal, sal sodanige betaling alle bedrae verskuldig aan die werknemer insluit bereken tot en met die skof wat op die vorige Vrydag van dieselfde maand voltooi is; en

(c) die betaling moet in kontant gedoen word voor of teen die gewone uitskeityd:

Met dien verstande dat 'n werkgewer by onderlinge reëling met sy werknemers, die bedrag aan die werknemer verskuldig soos gemeld, per tjek of in die kredit van sodanige werknemer kan inbetaal by 'n bank, bougenootskap of geregiſtreerde deponisionemende instelling wat deur die werknemer benoem is, en in dié geval moet die betaling per tjek of in die kredit van 'n werknemer by 'n bank, bougenootskap of deponisionemende instelling deur die werknemer benoem, geskied voor of op die Vrydag waarop betaling verskuldig is.

(3) Indien die diens van 'n werknemer eindig voor die gewone betaaldag wat in sy geval van toepassing is, moet alle bedrae wat ingevolge hierdie Ooreenkoms aan die werknemer verskuldig is ooreenkomstig die betrokke vereistes van Deel II of Deel III van hierdie Ooreenkoms, na gelang van die geval, betaal word.

(4) Voordat subklousule (2) toegepas word, moet die werkgewer vooraf aan die betrokke werknemers en aan die Raad minstens drie maande kennis gee van die instelling van die betaalmetode, en verduidelik op watter wyse die betaling van besoldiging in sy bedryfsinrigting sal geskied.

(5) Daar mag van geen reëling tussen 'n werkgewer en sy werknemers ingevolge subklousule (1) of subklousule (2) afgewyk word nie, behalwe by onderlinge reëling tussen die werkgewer en die betrokke werknemers in die geval van betaling soos bepaal in subklousule (1), of indien die werkgewer en minstens 75 persent van sy werknemers onderling ooreengekom het op 'n verandering in die betaalmetode in die bedryfsinrigting in die geval van betaling soos bepaal in subklousule (2) en daar vooraf aan die werknemers en aan die Raad minstens drie maande kennis van die verandering gegee is.

(6) Ondanks die bepalings van klousule 2 (4) (a) van Seksie 1 van Deel II met betrekking tot die betaling van verlofbesoldiging, mag die betaling van verlofbesoldiging in ooreenstemming met die bepalings van hierdie klousule gedoen word op dieselfde manier as wat die werknemer sy besoldiging kry.

10. SLUITING VAN BEDRYFSINRIGTING OP 'N GEWONE WERKDAG

(1) Ondanks enige bepaling in hierdie Ooreenkoms, kan 'n bedryfsinrigting gedurende 'n werktydperk wat ingevolge klousule 20 (2) van hierdie Deel van die Ooreenkoms vir daardie bedryfsinrigting gespesifiseer is, gesluit word na onderlinge ooreenkoms tussen die werkgewer en minstens 75 persent van sy werknemers, en daar moet vir elke spesifieke sluiting van die bedryfsinrigting tot so 'n ooreenkoms geraak word.

(2) Wanneer 'n werknemer van sy werk afwesig is as gevolg van die sluiting van die bedryfsinrigting na onderlinge ooreenkoms ingevolge subklousule (1), kan 'n pro rata-bedrag vir die ure wat nie gewerk is nie afgetrek word van die bedrae wat ingevolge hierdie ooreenkoms betaalbaar is.

(3) Met inagneming van die bepalings van die Wet op Vakleerlinge, 1944, is hierdie klousule nie op vakleerlinge van toepassing nie.

(4) Ten opsigte van statutêre of geproklameerde openbare vakansiedae, uitgesonderd Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Geloftedag, Kersdag en Gesinsdag waarop, vanweë die sluiting van die perseel weens 'n beperking op besigheidsure ingevolge enige wet—

- (a) van werknemers vereis word om nie te werk nie; of
- (b) werknemers nie toegelaat word om te werk nie;

kan 'n bedrag gelyk aan die gewone besoldiging vir die skof wat gewoonlik in die betrokke bedryfsinrigting op daardie dag gewerk word, van die werknemer se loon afgetrek word.

(2) In lieu of the provisions of subclause (1) of this clause and of clause 9 (1):

(a) An employer by mutual arrangement with a minimum of 75 per cent of his employees may pay wages or earnings on a two-weekly or four-weekly basis: Provided that the Council is given two months' prior notice in writing of such arrangements;

(b) whenever an employer and his employees have agreed in terms of paragraph (a) hereof to be paid any amount due to an employee on the fourth Friday of each calendar month such payment shall include all amounts due to the employee calculated up to and including the shift completed on the previous Friday of the same month; and

(c) payment shall be made in cash not later than the ordinary stopping time:

Provided that an employer may by mutual arrangement with his employees pay the amount due to the employee as aforesaid by cheque or to the credit of such employee with a bank, building society or registered deposit receiving institution nominated by the employee, in which event payment by cheque or to the credit of an employee with a bank, building society or deposit receiving institution nominated by the employee shall be made not later than by the Friday on which payment is due.

(3) In the event of the employment of an employee terminating before the ordinary pay-day applicable in his case, all payments due to the employee in terms of this Agreement shall be paid in accordance with the relative requirements of this Agreement.

(4) Before applying the provisions of subclause (2) the employer shall give to the employees concerned and to the Council at least three months' notice in advance of the introduction of the method of payment specifying the manner in which payment of remuneration will be made in this establishment.

(5) Any arrangement between an employer and his employees in terms of subclause (1) or subclause (2) shall not be departed from except by mutual arrangement between the employer and employees concerned in the case of payment as provided for in subclause (1) or the employer and not less than 75 per cent of his employees have mutually agreed to a change in the method of payment to be observed in the establishment in the case of payment as provided for in subclause (2) and at least three months advance notice of the change has been given to the employees and to the Council.

(6) Notwithstanding the provisions of clause 2 (4) (a) of Section 1 of Part II relating to payment of leave pay, payment of leave pay may be made in accordance with the provisions of this clause in the same manner as that by which the employee is paid his earnings.

10. CLOSING OF ESTABLISHMENT ON AN ORDINARY WORKING DAY

(1) Notwithstanding anything in this Agreement, an establishment may be closed during any period of work specified for that establishment in terms of clause 20 (2) of this Part of the Agreement by mutual arrangement between the employer and not less than 75 per cent of his employees, where such an arrangement is come to for each specific closing of the establishment.

(2) Whenever an employee is absent from work resultant on the closing of the establishment by mutual arrangement in terms of subclause (1), a deduction pro rata for the hours not worked may be made from the amounts payable in terms of this Agreement.

(3) Having regard to the provisions of the Apprenticeship Act of 1944, the provisions of this clause shall not apply to apprentices.

(4) In respect of statutory or proclaimed public holidays other than New Year's Day, Good Friday, Easter Monday, Ascension Day, Republic Day, Day of the Covenant, Christmas day and Boxing Day on which employees are—

- (a) required not to work; or
- (b) not permitted to work;

by reason of the closing of the premises due to restriction of trading hours under any law, an amount equivalent to the normal remuneration for the shift ordinarily worked in the establishment concerned on that day, may be deducted from an employee's wages.

11. AANSPORINGSBONUSWERK

Behoudens die algemene voorwaardes hierin vervat, kan 'n werknemer ooreenkomstig onderstaande aansporingsbonusstelsel vir sy werkgever werk:

(1) Die voorwaardes in hierdie Ooreenkoms vervat ten opsigte van oortydwerk, nagskofwerk en werk op Sondae en sekere openbare vakansiedae is van toepassing en lone moet bereken word teen die uurloon wat vir die betrokke klas werk in die Ooreenkoms gelys is;

(2) aan 'n werknemer wat aansporingsbonuswerk verrig, moet 'n rustydperk van 10 minute so na as moontlik aan die middel van die oggend- en die namiddagwerktydperk toegestaan word, en sodanige rustydperke moet gereken word as werktid waarvoor die uurloon vir die betrokke klas werk in hierdie Ooreenkoms gelys, betaal moet word;

(3) die loon vir aansporingsbonuswerk moet vasgestel word by wyse van 'n onderlinge reëling tussen die werkgever en die werknemer wat die werk moet verrig, en die werkwinkel-vertegenwoordiger moet geraadpleeg word indien enigeen van die partye dit verlang;

(4) ingeval daar 'n geskil oor die loon vir aansporingsbonuswerk ontstaan wat nie deur die partye bygelê kan word nie, moet een van of albei die gegriefde partye die saak onmiddellik na die Nywerheidsraad verwys;

(5) tot tyd en wyl daar tot 'n ooreenkoms geraak word oor die loon vir aansporingsbonuswerk, of ingeval sodanige loon ingevolge subklousule (4) na die Raad verwys word, moet die werknemer sy werk voortsit teen die aansporingsbonusloon wat deur die bestuur toegelaat word;

(6) enige aanpassing wat as gevolg van 'n Raadsbesluit ten gunste van die werknemer is, moet op hom toegepas word met ingang van die datum waarop die saak na die Raad verwys is;

(7) vir tyd wat 'n werknemer deur abnormale omstandighede verhinder word om met sy werk voort te gaan, moet hy, as daar van hom vereis word om vir die werk gereed te staan, die uurloon betaal word wat vir daardie klas werk in hierdie Ooreenkoms ingelys is, en in so 'n geval geld die Ooreenkomsvoorwaardes ten opsigte van oortyd- en nagskofwerk waar dit van toepassing is. Tyd wat 'n werknemer gereed staan, moet nie by die berekening van bonusverdienste in aanmerking geneem word nie;

(8) geen betaling moet gedoen word ten opsigte van verdragings wat normaalweg in die betrokke bedryfsinrigting voorkom en wat by die vasstelling van die tydtoelae in aanmerking geneem is nie;

(9) geen loon waaroor 'n werkgever en 'n werknemer ooreengekom het, word bevredigend geag as dit 'n gemiddelde werknemer wat met die besondere aansporingsbonuswerk besig is nie in staat stel om minstens 10 persent meer te verdien as die loon wat vir daardie klas werk in hierdie Ooreenkoms gelys is nie;

(10) die werknemer moet in alle gevalle, ongeag sy verdienste, die uurloon vir sy klas werk gewaarborg word vir die ure wat hy gewerk het;

(11) 'n werknemer wat volgens 'n aansporingsbonusstelsel werk, moet op die gewone betaaldag van elke week betaal word;

(12) geen aansporingsbonusloon of basiese tye wat eenmaal vasgestel is, mag gewysig word nie behalwe om die volgende redes:

(a) 'n Fout in die berekening van enige party; of

(b) 'n verandering in die materiaal, wyse of metode van produksie of die hoeveelhede; of

(c) 'n onderlinge reëling getref tussen die werkgever en die werknemer op dieselfde wyse as wat in 'n nuwe bonuswerkloon vasgestel word;

(13) die Raad kan, om enige rede wat hy goedvind, enige bedryfsinrigting verbied om aansporingsbonuswerk te laat verrig of om volgens enige stelsel te werk wat die Raad as 'n stelsel van aansporingsbonuswerk beskou;

(6) Niks hierin vervat, mag die uitwerking hê dat dit 'n werkgever belet om van die dienste van werknemers vir noodsaaklike werk gedurende die tydperk van die sluiting gebruik te maak nie: Met dien verstande dat die name van die werknemers wie se dienste vir noodsaaklike werk (uitgesonderd onderhoudswerk soos hierin omskryf) vereis word en die redes daarvoor minstens een maand voordat die werknemers se dienste vereis word, aan die Raad bekendgemaak word: Voorts met dien verstande dat alle sodanige werknemers wie se dienste gedurende die sluitingstydperk behou word, hul verlof met besoldiging toegestaan moet word ooreenkomstig die res van die bepalinge van die Ooreenkoms wat op verlof met besoldiging betrekking het.

"Onderhoudswerk", soos hierin bedoel, beteken en word beperk tot dringende onderhouds- of herstelwerk in verband met 'n werkgever se eie installasie en/of masjinerie.

(7) Waar 'n werknemer sy bedryfsinrigting jaarliks sluit, moet hy drie maande voor die datum van die sluiting 'n kennisgewing in die bedryfsinrigting vertoon wat die datum van die eersvolgende jaarlikse sluiting meld.

(8) 'n Werknemer wat verkies om sy bedryfsinrigting jaarliks te sluit, is verplig om met daardie reëling vol te hou en mag nie daarvan afwyk nie, tensy hy sy werknemers minstens 12 maande vooraf kennis gee van sy voorneme om van sodanige reëling af te wyk en tensy hy die toestemming van die Raad vir die voorgestelde verandering verkry.

(9) Waar 'n werkgever wat sy bedryfsinrigting ooreenkomstig hierdie klousule jaarliks sluit 'n werknemer se diens beëindig en die eweredige tydperk van verlof met besoldiging wat aan die werknemer op die datum van diensbeëindiging toeval vanaf daardie datum tot in die jaarlikse sluitingstyd van die bedryfsinrigting strek en die werkgever dieselfde werknemer binne 'n maand na die heropening van die bedryfsinrigting weer in diens neem, is die werknemer geregtig op besoldiging soos voorgeskryf in klousule 13 (1) van hierdie Deel van die Ooreenkoms ten opsigte van die openbare vakansiedae in daardie subklousule bedoel wat geval het binne

cil at least three months in advance of the intended shut-down in the establishment or department thereof, as the case may be, and shall have first obtained the consent of the majority of the employees engaged in that establishment or department.

(2) Employers who were observing an annual shut-down arrangement for the purpose of the paid leave prior to the coming into operation of this Agreement shall be deemed to be observing an annual shut-down and are not required to advise the Council of the observance of that arrangement.

(3) Every employer entering the Industry after the commencing date of this Agreement shall, within one month of commencing operation, advise the Council whether the leave provisions of the Agreement or alternatively an annual shut-down will be observed.

(4) Where an annual shut-down is to be observed, the establishment (or department, as the case may be) shall be closed for such unbroken period as will enable employees who have qualified for paid leave in terms of clause 2 (3) of Section 1 of Part II of the Agreement to take their full paid leave extended by any days that must be added in terms of the said clauses and the period of the closure shall, as near as practicable, fall between the same dates in each 12-month period: Provided that in the case of Boxing Day the employer may elect to pay the employee at his ordinary hourly rate for such day as if Boxing Day fell within the period Monday to Friday, inclusive, in lieu of extending the period of the paid leave by an extra day for Boxing Day as provided for in this subclause.

(5) Any employee who at the date of closing of an establishment in terms of subclause (4) is not entitled to the full period of the paid leave prescribed in clause 2 (3) of Section 1 of Part II of the Agreement shall be paid leave pay and leave bonus referred to in clause 4 of Section 1 of Part II of the Agreement proportionate to the qualification for the paid leave completed at the date of the closing of the establishment.

In any such case as is referred to in this subclause the employment of any employee thus affected shall be deemed to commence on the date of re-opening of the establishment (or department, as the case may be) for the purpose of his qualification for his next paid leave.

(6) Nothing herein contained shall operate to preclude an employer from employing the services of employees required for essential work during the period of the shut-down: Provided that the names of the employees whose services are required for essential work (other than maintenance work as herein defined) and the reasons therefor shall be notified to the Council at least one month in advance of the employees' services being required: Provided further that any such employees whose services are retained during the period of the shut-down shall be given their paid leave in conformity with the remaining provisions of the Agreement relating to paid leave.

"Maintenance work" referred to herein means and shall be limited to urgent maintenance or repair work in connection with an employer's own plant and/or machinery.

(7) Where an employer observes an annual shut-down he shall display in the establishment three months before the date of the shut-down a notice setting out the date of the next annual shut-down.

(8) Every employer who elects to observe the annual shut-down shall be bound to carry on with that arrangement and shall not depart therefrom except by giving at least 12 months' notice to his employees of his intention to depart from the arrangement and obtaining the consent of the Council to the proposed change.

(9) Where an employer who observes an annual shut-down in terms of this clause terminates the employment of an employee and the proportionate period of paid leave accrued to the employee at the date of termination would extend from that date into the annual shut-down, and the employer re-engages the same employee within one month after the re-opening of the establishment, the employee shall be entitled to payment as provided for in clause 13 (1) of this Part of the Agreement in respect of the public holidays referred to in

daardie tydperk van verlof met besoldiging wat aan die werknemer toeval op die datum van diensbeëindiging wat tot in die jaarlikse sluitingstyd sou gestrek het, en die werkgewer moet, wanneer hy die werknemer na die heropening van die bedryfsinrigting weer in diens neem, sodanige betaling aan die werknemer doen indien dit nie reeds gedoen is nie.

29. TEGNOLOGIESE VERANDERING

Indien daar gedurende die geldigheidstermyn van hierdie Ooreenkoms te eniger tyd verhoë tot die Raad gerig word dat 'n taakomskrywing ten opsigte van die verrigting van enige werk as gevolg van tegnologiese veranderinge wat na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms ingevoer is, ongeskik is, moet sodanige verhoë op die eersvolgende vergadering van die Raad oorweeg word en moet die Raad besluit of die voorwaardes gewysig moet word en of omstandighede dit regverdig dat vrystelling verleen word ten einde die toepassing van geskikter voorwaardes te magtig en of die voorwaardes wat ingevolge hierdie Ooreenkoms van toepassing is sonder wysiging op sodanige werk toegepas moet word.

30. STIGTING VAN 'N TRUSTFONDS-VOORSKOTFONDS

'n Bewysstuk wat aan 'n werknemer uitgereik word ingevolge klousule 2 (5) van Seksie 1 van Deel II van hierdie Ooreenkoms, is geldig vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van die laaste skof wat sodanige werknemer gewerk het, en bedrae waarmee 'n werknemer in die boeke van die Raad gekrediteer is, val by die verstryking van sodanige tydperk aan die Raad toe. Bedrae wat aldus aan die Raad toeval, moet gestort word in 'n fonds wat as die "Trustfonds-voorskotfonds" bekend staan en waaruit die Raad na volstrekte goedvinde—

(a) aan die werknemer die geldekwivalent kan voorskiet van die verlof met besoldiging waarop hulle geregtig is en wat ingevolge klousule 2 (5) van Seksie 1 van Deel II van hierdie Ooreenkoms aan die Raad gestuur moet word, en/of die geldekwivalent van die verlofbonus waarop hulle geregtig is en wat ingevolge klousule 4 (4) van Seksie 1 van Deel II van die Ooreenkoms aan die Raad gestuur moet word, na gelang van die geval; of

(b) die hele of 'n gedeelte van die geldekwivalent van verlof met besoldiging en/of verlofbonus waarop die werknemers geregtig is, aan hulle kan betaal in gevalle waar sodanige geld of 'n gedeelte daarvan andersins vir die werknemers verlore sou raak vanweë die insolvensie of likwidasië van 'n werkgewer:

Met dien verstande dat—

(i) bedrae wat ingevolge paragraaf (b) van hierdie subklousule aan die Raad toeval en wat die Raad beskou as te veel vir 'n toereikende reserwe in die Trustfonds-voorskotfonds, in die fondse van die Raad gestort kan word, maar dat sodanige bedrae nie in die Trustfonds-voorskotfonds of die fondse van die Raad gestort mag word nie totdat 'n verdere tydperk van ses maande na die verstryking van die tydperk van twee jaar verloop het en dat eise wat gedurende sodanige tydperk van ses maande ingedien word, deur die Raad betaal moet word;

(ii) die Raad enige eis wat 'n werknemer na die verstryking van sodanige tydperk van ses maande indien, moet oorweeg en na goedvinde 'n ex gratia-bedrag uit die Trustfonds-voorskotfonds (of uit dié bedrae wat aan die fondse van die Raad toegeval het—ingeval die Trustfonds-voorskotfonds uitgeput is) aan werknemers soos hierin bedoel, kan betaal.

31. WERKENDE VENNOTE

Alle werkende vennote en/of werkgewers in die Nywerheid moet die werkure wat vir werknemers in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, nakom.

DEEL II

SEKSIE 1

1. TOELAES

(1) *Reis- of verblyftoelaes.*—(a) Wanneer 'n werkplek geleë is buite 'n straal van 10 km vanaf die werkgewer se eie besigheidsplek waar die werknemer hom gewoonlik moet aanmeld, maar in 'n gebied waar hierdie Ooreenkoms van toepassing is en daar redelikerwys van die werknemer verwag kan word om elke dag na sy woonplek terug te keer, en hy dit wel doen, moet die tyd wat deur 'n werknemer in beslag geneem word om heen en weer na die werkplek te ry, een rigting in sy eie tyd wees en die ander rigting tydens die gewone werkure voorgeskryf in klousule 5 van Deel I van hierdie Ooreenkoms: Met dien verstande dat die tyd wat gedurende daardie dag bestee word deur tussen werkplekke te reis in die werkgewer se tyd moet wees.

that subclause which fell within that period of the paid leave accrued to the employee at date of termination that would have extended into the period of the annual shut-down, and the employer shall, upon his re-engaging the employee after the re-opening of the establishment, make such payment to the employee if it has not already been made.

29. TECHNOLOGICAL CHANGES

If, during the currency of the Agreement, representations are at any time made to the Council that any job description in respect of the performance of any work is unsuitable as the result of technological changes introduced subsequent to the date of coming into operation of this Agreement, such representations shall be considered at the first ensuing meeting of the Council which shall decide whether the conditions shall be amended or whether circumstances warrant an exemption being granted so as to authorise the application of more appropriate conditions or whether the conditions applicable under the Agreement shall apply to such work without modification.

30. ESTABLISHMENT OF A TRUST FUND ADVANCES FUND

Any voucher issued to an employee in terms of clause 2 (5) of Section 1 of Part II of this Agreement shall be valid for a period of two years from the date of the last shift worked by such employee, and amounts standing to the credit of an employee in the books of the Council shall, on the expiration of such period, accrue to the Council. Amounts so accruing to the Council shall be credited to a fund designated the "Trust Fund Advances Fund" from which the Council in its absolute discretion may—

(a) advance to employees the money equivalent of the paid leave entitlement forwardable to the Council in terms of clause 2 (5) of Section 1 of Part II of this Agreement and/or the money equivalent of the leave bonus entitlement forwardable to the Council in terms of clause 4 (4) of Section 1 of Part II of the Agreement, as the case may be; or

(b) pay to the employees in whole or in part the money equivalent of any paid leave and/or leave bonus entitlement in cases where such moneys or part thereof would otherwise be lost to employees by reason of the insolvency or liquidation of any employer:

Provided that—

(i) any amounts accruing to the Council in terms of paragraph (b) of this subclause as the Council may regard as being in excess of a sufficient reserve in the Trust Fund Advances Fund may be accrued to the Council funds but shall not be accrued to the Trust Fund Advances Fund or the Council funds until a further period of six months has elapsed after the expiration of the two-year period, and any claims presented during such six-month period shall be paid by the Council;

(ii) the Council shall consider any claim that may be made by any employee after the expiration of such six-month period, and may in its discretion make ex gratia payment from the Trust Fund Advances Fund (or from such amounts accrued to Council funds in the event of the depletion of the Trust Fund Advances Fund) to such employees as are referred to herein.

31. WORKING PARTNERS

All working partners and/or employers in the Industry shall observe the hours of work prescribed for employees in this Agreement.

PART II

SECTION 1

1. ALLOWANCES

(1) *Travelling or subsistence allowances.*—(a) Whenever a job is situated outside a radius of 10 km from the employer's own place of business where the employee is normally required to report, but within the area to which this Agreement relates and the employee can reasonably be said to be able to and does return to his home every day, any time occupied by an employee in proceeding to or from the working site shall be one way in his own time and the other way during the normal working hours prescribed in clause 5 of Part I of this Agreement: Provided that time spent in travelling between jobs during that day shall be in the employer's time.

(b) 'n Werkgewer is daarop geregtig om geskikte vervoer in albei rigtings te verskaf of om vir vervoer ten opsigte van genoemde afstand te betaal teen tariewe wat van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel word. Die Raad moet die tariewe in Januarie en Julie van elke jaar bepaal en sodanige tariewe tree op die eerste Vrydag na 15 Januarie en 15 Julie van elke jaar in werking.

(c) 'n Werkgewer moet 'n werknemer wat geregtig is op vervoertoelae soos in paragraaf (b) bepaal, op dieselfde tyd-stip betaal as dié waarop sy gewone besoldiging betaal word.

(d) Waar daar redelikerwyse van 'n werknemer verwag kan word om elke dag na sy woonplek terug te keer maar waar hy verhinder word om die vervoer soos in paragraaf (b) bedoel, te gebruik omdat daar van hom vereis word om hom by sy werkplek se besigheidsplek aan te meld voordat hy na sy werkplek vertrek en/of nadat hy van die dag se werk terugkeer, moet sodanige werknemer vir elke uur reistyd buite die gewone werkure, wat die gevolg van die nakoming van sodanige vereiste is, teen 50 persent van sy uurloon betaal word.

(e) (i) Waar daar nie redelikerwyse van 'n werknemer verwag kan word om daagliks na sy woonplek terug te keer nie, is hy geregtig op voorstedelike reisegeld of tweedeklas-hooflynreisegeld per spoor na en van die werkplek, onderskeidelik aan die begin en beëindiging van sodanige werk. Vir reistyd gedurende die gewone werkure moet daar betaal word teen die uurloon van die betrokke werknemer of 75 persent van sy uurloon vir elke uur wat hy buite die gewone werkure aan reistyd bestee. Wanneer 'n bed of gewone maaltye op hooflynreine nodig is, moet dit vir rekening van die werkgewer wees.

(ii) Waar geskikte huisvesting naby die werkplek beskikbaar is, moet dit vir rekening van die werkgewer wees, en waar sodanige huisvesting nie beskikbaar is nie, moet werknemers vir wie lone onder Loon A in Seksie 2 van hierdie Deel voorgeskryf word, kwekelinge en vakleerlinge 'n toelae van R10 ten opsigte van elke nag weg van die huis betaal word. In die geval van alle ander werknemers moet die bedrag van R10 na R3 verminder word.

(f) Waar daar redelikerwyse van 'n werknemer verwag kan word om gedurende die naweek na sy woonplek terug te keer en teen die gewone aanvangstyd op Maandag, of Dinsdag indien Maandag 'n openbare vakansiedag is soos omskryf in klousule 13 van Deel 1 van hierdie Ooreenkoms, weer by sy werk terug te wees, is hy geregtig op die koste van 'n spoorwegreitoerkaartjie (tweedeklas) gedurende sodanige naweke, maar geen bedrag word in plaas van sodanige reisegeld betaal indien die reis nie onderneem word nie. 'n Werknemer is nie op enige besoldiging ten opsigte van reistyd gedurende sodanige naweke geregtig nie.

(2) *Lykhuistoelae.*—Wanneer 'n werknemer werk verrig in 'n lykhuis of koelkamer verbonde aan 'n begrafnisonderneemer se bedryfsinrigting, is hy, mits sodanige lykhuis of koelkamer vir sy gewone doel gebruik word, benewens enige ander besoldiging waarop hy kragtens hierdie Ooreenkoms geregtig is, geregtig op 'n bedrag van 8 persent van die basiese minimum uurloon ten opsigte van elke bedryfsinrigting waarin hy werk: Met dien verstande egter dat, wanneer die uitvoering van sy werk van hom vereis om op dieselfde dag as dié waarop die werk begin is, na 'n bedryfsinrigting terug te keer, hy nie op 'n verdere toelae vir sodanige herbesoek geregtig is nie.

(3) *Hoogtetoelae.*—Wanneer 'n werknemer, uitgesonderd 'n werknemer wat uitdruklik vir sulke werk in diens geneem is, werk aan die buitekant van bestaande geboue en/of strukture verrig bokant 'n onversperde val van 6 m wat die gebruik van 'n hangsteier of 'n bootsmanstoel vereis, is hy, benewens enige ander besoldiging waarop hy kragtens hierdie Ooreenkoms geregtig is, geregtig op 'n bedrag van 8 persent van sy basiese uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hy sodanige werk verrig.

(4) *Bystandstoelae.*—Wanneer daar van 'n werknemer verwag word om op roep te wees vir diens buite die gewone werkure, moet daar 'n toelae van R2 vir elke 24-uur tydperk wat daar van hom verwag word om op roep of bystand te wees, betaal word.

2. VERLOF-BESOLDIGING

(1) Behalwe in die geval van werknemers wat aansporingsbonuswerk verrig, moet verlofbesoldiging waarvoor hierdie klousule voorsiening maak, bereken word teen die uurloon soos in hierdie Ooreenkoms omskryf wat die werknemer ontvang op die datum wanneer hy vir sy verlof met besoldiging kwalifiseer: Met dien verstande dat waar 'n werknemer se beroepskategorie verander gedurende die tydperk wat hy vir verlof kwalifiseer die besoldiging bereken moet word teen die uurloon, wat die werknemer voor die beroepsverandering ontvang het.

(b) An employer shall be entitled to provide suitable transport both ways or pay for transport in respect of the said distance at rates laid down by the Council from time to time. The Council shall determine the rates in January and July of each year and such rates shall become effective on the first Friday after 15 January and 15 July of each year.

(c) An employer shall pay any employee entitled to transport allowance as provided for in paragraph (b) at the same time as he is paid his normal remuneration.

(d) Where an employee can reasonably be said to be able to return to his home every day, but is precluded from availing himself of transport as contemplated by paragraph (b) in consequence of being required to report at his employer's place of business before proceeding to the job and/or at the conclusion of the day's work, then such employee shall be paid for every hour travelled outside the ordinary working hours in compliance with such requirement at 50 per cent of his hourly wage.

(e) (i) Where an employee can reasonably be said to be unable to return to his home daily, he shall be entitled to sub-urban railway fare or second-class main line railway fare to and from the place of work at the beginning and termination of such work, respectively. Time occupied in travelling during the ordinary working hours shall be paid for at the hourly rate of wages of the employee concerned or 75 per cent of his hourly wage for every hour spent in travelling outside the ordinary working hours. Bedding and normal meals on main-line trains, when required, shall be to the account of the employer.

(ii) Where suitable accommodation is available in proximity to the place of work, this shall be to the employer's account and where such accommodation is not available, employees for whom wages are prescribed under Rate A in Section 3 of this Part, trainees and apprentices shall be paid an allowance of R10 in respect of every night they spend away from home. In the case of all other employees the amount of R10 shall be reduced to R3.

(f) Where an employee can reasonably be said to be able to proceed to his home at the week-end and return by the ordinary starting time on Monday, or Tuesday if Monday is a public holiday as defined in clause 13 of Part I of this Agreement, he shall be entitled to second-class return rail fare at week-ends, but no payment in lieu of such fare shall be made if the journey is not undertaken. An employee shall not be entitled to any remuneration in respect of the time spent in travelling during such week-ends.

(2) *Mortuary allowance.*—When an employee performs work in a mortuary or cold chamber attached to an undertaker's establishment, provided that such mortuary or cold chamber, is being used for its normal purpose, he shall be entitled, in addition to any other remuneration to which he is entitled in terms of this Agreement, to an amount of 8 per cent of the basic minimum hourly rate in respect of each establishment worked in: Provided however, that when the execution of his work requires him to return to any establishment on the same day as the work was commenced, he shall not be entitled to any further allowance in respect of such return visit.

(3) *Height allowance.*—When an employee other than an employee expressly engaged for such work performs work on the outside of completed buildings and/or structures above a clear fall of 6 m as requires the use of a swinging scaffold or boatswain's chair he shall be entitled in addition to any other remuneration to which he is entitled in terms of this Agreement an amount of 8 per cent of his basic hourly rate, in respect of each hour or part of an hour during which he is so employed.

(4) *Standby allowance.*—Whenever an employee is required to be on call for duty outside normal hours of work, an allowance of R2 shall be paid for each 24-hour period he is required to be on call or on standby.

2. LEAVE PAY

(1) Except in the case of employees employed on incentive bonus work, leave payments provided for in this clause shall be computed at the hourly rate as defined in this Agreement which the employee is receiving at the date of qualification for his paid leave: Provided that in the event of an employee's occupational category being changed during the qualifying period for leave then payments shall be calculated at the hourly rate the employee received prior to the change in occupation:

(2) Die verlofbesoldiging van werknemers wat aansporingsbonuswerk verrig, moet bereken word volgens die gemiddelde weeklikse verdienste, uitgesonderd oortydverdienste, oor die laaste drie maande wat hulle werklik aan aansporingsbonuswerk gewerk het voordat die verlof aan hulle verskuldig geword het of oor die getal weke werklik gewerk gedurende die tydperk waarin aansporingsbonuswerk verrig is, naamlik die kortste tydperk.

(3) Elke werknemer is kragtens hierdie Ooreenkoms op drie agtereenvolgende weke verlof met besoldiging geregtig op die volgende voorwaardes:

(a) Die kwalifikasie vir die verlof met besoldiging (afgesien daarvan of die werknemer vir een of meer werkgewers gewerk het), is 288 skofte, oortydwerk uitgesonderd, werklik gewerk op 'n grondslag van ses werkdae per week, of 238 skofte, oortydwerk uitgesonderd, werklik gewerk op 'n grondslag van vyf werkdae per week: Met dien verstande dat—

(i) behoudens andersluidende bepalings in voorbehoudsbepaling (ii), diens by dieselfde werkgewer vir minder as 70 skofte op 'n grondslag van ses werkdae per week of 60 skofte op 'n grondslag van vyf werkdae per week, na gelang van die geval, nie vir verlof met besoldiging tel nie.

['n Werknemer wie se diens beëindig word of wat veronreg voel deur die toepassing op hom van voorbehoudsbepaling (i), kan by die Raad teen die besluit appèl aanteken, en die Raad kan, na oorweging van die redes wat vir sodanige besluit voorgelê word, dié besluit bekrachtig of sodanige ander besluit neem as wat na sy mening in dié geval geneem behoort te gewees het; waar 'n werknemer se diens beëindig word weens omstandighede buite sy beheer, moet die kwalifiserende skofte van 25 op 'n grondslag van vyf werkdae per week of 30 skofte op 'n grondslag van ses werkdae per week, na gelang van die geval, vir verlof met besoldiging tel.]:

Met dien verstande dat waar 'n werknemer se diens ingevolge hierdie voorbehoudsbepaling onderbreek word en hy sy werk by dieselfde werkgewer hervat, vir die doel van die verlof met besoldiging gekrediteer moet word met die totale getal skofte wat hy vir dié werkgewer gewerk het, mits hy nie intussen vir 'n ander werkgewer gewerk het nie;

(ii) wanneer 'n werknemer wat skeepswerk en/of omkeerwerk verrig sy diens beëindig, diens by dieselfde werkgewer vir minder as 70 skofte op 'n grondslag van ses werkdae per week of 60 skofte op 'n grondslag van vyf werkdae per week, na gelang van die geval, nie vir verlof met besoldiging tel nie, maar waar die diens deur die werkgewer beëindig word, moet alle skofte gewerk en toegelaat ingevolge voorbehoudsbepaling (iii) hiervan met besoldiging tel;

(iii) tydperke van afwesigheid weens siekte wat hoogstens 52 skofte op 'n grondslag van ses werkdae per week of 43 skofte op 'n grondslag van vyf werkdae per week, na gelang van die geval, beloop in 'n bepaalde kwalifiserende tydperk vir verlof met besoldiging, vir verlof met besoldiging tel: Met dien verstande dat 'n werkgewer daarop geregtig is om 'n mediese sertifikaat as bewys van die rede vir sy afwesigheid van die werknemer te eis. Tydperke van afwesigheid weens 'n ongeval wat uit 'n werknemer se diens ontstaan en in die loop daarvan plaasvind, tel vir verlofdoeleindes as sodanige ongeval erken is as 'n ongeval binne die bestek van die Ongevalwet, 1941, en die tydperke van afwesigheid wat vir doeleindes van verlof met besoldiging tel, is die tydperke van arbeidsongeskiktheid wat ooreenkomstig genoemde Wet erken word;

(iv) mits die werkgewer die Raad binne sewe dae na sodanige afwesigheid skriftelik van sodanige afwesigheid in kennis stel, 'n werknemer wat van sy werk af wegby sonder 'n grondige rede wat vir sy werkgewer aanneemlik is, ten opsigte van elke skof wat hy gedurende sodanige afwesigheid nie gewerk het nie, vyf skofte op 'n grondslag van ses werkdae per week of vier en een sesde skofte op 'n grondslag van vyf werkdae per week, na gelang van die geval, wat hy ter kwalifisering vir sy verlof met besoldiging gewerk het, moet verbeur met 'n maksimum verbeuring in een kwalifiserende tydperk vir verlof met besoldiging van 60 skofte op 'n grondslag van ses werkdae per week of 50 skofte op 'n grondslag van vyf werkdae per week, na gelang van die geval.

(b) Die verlof moet vier naweke insluit en uit een ononderbroke tydperk bestaan.

(c) Indien Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaartsdag, Republiekdag, Gelofte dag, Kersdag, of Gesinsdag binne die verloftydperk val, moet die verloftydperk ten opsigte van elke sodanige dag met een dag met volle besoldiging verleng word.

(2) Leave payments of employees employed on incentive bonus work shall be computed on the average weekly earnings, exclusive of overtime, over the last three months actually worked on incentive bonus work prior to the leave becoming due or, whichever is the lesser period, over the number of weeks actually worked during the period of employment on incentive bonus work.

(3) Every employee shall be entitled under this Agreement to three consecutive weeks' paid leave subject to the following conditions:

(a) The qualification for the paid leave (whether worked for one or more employer) shall be 288 shifts, exclusive of overtime, actually worked on a six-day week basis, or 238 shifts, exclusive of overtime, actually worked on a five-day week basis: Provided that—

(i) except as is otherwise provided for in proviso (ii), employment with the same employer for less than 70 shifts on a six-day week basis or 60 shifts on a five-day week basis, as the case may be, shall not count for the paid leave.

[An employee whose employment is terminated and who is aggrieved by the application to him of the provisions of proviso (i) may appeal to the Council against the decision applied to him and the Council may, after considering any reasons which may be submitted for such decision, confirm that decision or give such other decision as in its opinion ought to have been given in such case: where an employee's employment is terminated due to circumstances beyond his control then the qualifying shifts of 25 on a five-day week basis, or 30 shifts on a six-day week basis, as the case may be, shall count for paid leave.]:

Provided that where an employee's service is broken in terms of this proviso and he resumes work for the same employer he shall, if he does not work for another employer in the interim, be credited for the purpose of the paid leave with the total number of shifts worked for such employer;

(ii) when, in the case of employees employed in marine work and/or turnaround work, the employment is terminated by the employee, employment with the same employer for less than 70 shifts on a six-day week basis or 60 shifts on a five-day week basis, as the case may be, shall not count for the paid leave, but where the employment is terminated by the employer all shifts worked or allowed in terms of proviso (iii) hereof shall count for the paid leave;

(iii) periods of absence on account of sickness aggregating not more than 52 shifts on a six-day week basis or 43 shifts on a five-day week basis, as the case may be, in anyone qualifying period for the paid leave, shall count for the paid leave: Provided that an employer shall be entitled to call upon the employee for a medical certificate in proof of cause of absence. Periods of absence on account of an accident arising out of and in the course of the employee's employment shall count for leave purposes if such accident has been admitted as falling within the provisions of the Workmen's Compensation Act, 1941, and the periods of absence counting for purposes of the paid leave shall be the periods of disablement admitted by the said Act;

(iv) if notification of such absence is given by the employer in writing to the Council within seven days of such absence, any employee who absents himself from work without adequate reason satisfactory to his employer shall, in respect of each shift lost by him during such absence, forfeit five shifts on a six-day week basis or four and one-sixth shifts on a five-day week basis, as the case may be, worked towards his paid leave qualification, with a maximum penalty in any one qualifying period for the paid leave of 60 shifts on a six-day week basis or 50 shifts on a five-day week basis, as the case may be.

(b) The leave shall include four week-ends and be for one unbroken period.

(c) Should either New Year's Day, Good Friday, Easter Monday, Ascension Day, Republic Day, the Day of the Covenant, Christmas Day or Boxing Day fall within the period of leave, the leave period shall be extended by one day with full pay or each such day.

(d) Indien 'n werknemer van wie sy werkgever vereis dat hy op 'n ander plek as sy gewone werkplek moet werk, op die punt staan om sy verlof met besoldiging te neem, moet die verlof op die gewone werkplek van daardie werknemer begin en eindig, mits die werknemer na sy gewone werkplek terugkeer.

(e) 'n Werknemer moet binne 'n maand ná die datum waarop hy daarop geregtig word, aansoek om verlof doen.

(f) Die werkgever moet die verlof so toestaan dat dit begin binne 'n tydperk van vier maande vanaf die datum waarop dit verskuldig geword het.

(g) 'n Werknemer is geregtig op sy verlof, en moet dit neem, binne 'n tydperk van vier maande vanaf die datum waarop dit verskuldig geword het, tensy vrystelling deur die Raad verleë word.

(h) Geen werknemer mag gedurende sy verloftydperk diens vir eie gewin verrig nie.

(4) (a) Wanneer 'n werknemer op die punt staan om sy verlof met besoldiging te neem, moet sy werkgever die geld wat vir die doel daarvan aan hom verskuldig is, behoudens klousule 9bis (6) van Deel I, in kontant aan hom betaal sodra hy ophou werk met die doel om met verlof te gaan.

(b) Die werkgever moet, wanneer hy die werknemer betaal soos in paragraaf (a) en in klousules 3 en 4 van hierdie Seksie bedoel, aan die Raad 'n verlofbesoldigings- en bonuskwitansie stuur wat opgestel is in 'n vorm wat vir die Raad aanneemlik is en wat die werknemer se handtekening bevat as kwitansie vir die besoldiging.

(5) (a) Wanneer 'n werknemer se diens eindig voordat hy op verlof met besoldiging ingevolge subklousule (3) geregtig geword het, moet aan hom, na gelang die bedryfsinrigting ses of vyf dae per week werk, 'n bewysstuk verskaf word wat opgestel is in 'n vorm wat vir die Raad aanneemlik is en waarin die getal skofte wat vir verlofdoeleindes tel, uiteengesit word.

Die werknemer moet die bewysstuk ontvang op die tyd-
stip wanneer hy uit die werkgever se diens tree, en die werk-
gever moet onmiddellik aan die Sekretaris van die Raad die
geldekwivalent stuur van die verlof waarop die werknemer al-
dus geregtig is, bereken soos in subklousule (1) of subklou-
sule (2) voorgeskryf, naamlik die een wat van toepassing is,
min alle aftrekkings wat regtens vir inkomstebelasting ver-
pligtend is.

(b) Drywers, arbeiders en wagte moet by diensbeëindiging die geldekwivalent van die pro rata-verlofbesoldiging betaal word.

(6) Behoudens andersluidende bepalings hierin, word diens vir die toepassing van hierdie klousule geag te begin met ingang van die datum waarop 'n werknemer by die werk-
gever in diens tree of die datum waarop hy laas op verlof met
besoldiging geregtig geword het, naamlik die jongste datum,
en sluit dit in—

(a) hoogstens vier maande van 'n bepaalde ononderbroke tydperk van militêre diens wat die werknemer ingevolge die Verdedigingswet, 1957, ondergaan;

(b) skofte wat gewoonlik gewerk sou gewees het gedurende tydperke wat werknemers afwesig is omdat die addisionele week se verlof met besoldiging of 'n ophoping daarvan ingevolge klousule 3 (1) van hierdie Seksie aan hulle toegestaan is.

(7) Die Raad kan ten bate van werknemers wat die Nywerheid verlaat wederkerige reëlings met 'n ander nywerheid tref vir die uitruiling van verlofbewysstukke.

3. ADDISIONELE VERLOF MET BESOLDIGING

(1) Behoudens subklousule (3), is 'n werknemer wat ná die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms vir sy vyfde of daaropvolgende agtereenvolgende verlof met besoldiging kwalifiseer uit hoofde van sy ononderbroke diens by dieselfde werkgever soos in klousule 2 (3) van hierdie Seksie bepaal, op daardie datum en elke jaar daarna terwyl hy in die diens van dieselfde werkgever is, geregtig op 'n ekstra week verlof met besoldiging soos wat dit die werkgever pas, of op die ekwiwalente waarde daarvan: Met dien verstande dat die werkgever en die werknemer onderling kan ooreenkom dat—

(i) die verlof met besoldiging soos in klousule 3 (3) van hierdie Seksie bedoel met 'n ekstra week verleng kan word;

(ii) die ekstra week verlof met ingang van die kwalifiserende jaar uitgestel en deur die werknemer opgehoop kan word totdat hy vir drie sodanige ekstra weke verlof met besoldiging kwalifiseer.

(d) Should an employee who is required by his employer to work away from his usual place of work be about to take his paid leave, the leave shall, provided the employee returns to his place of work, commence and terminate at the place of work of that employee.

(e) Application for the leave shall be made by an employee within one month of the date he becomes entitled thereto.

(f) The leave shall be granted by the employer so as to commence within a period of four months of the due date.

(g) An employee shall be entitled to and shall take his leave within a period of four months from due date, unless exemption is granted by the Council.

(h) No employee shall engage in any employment for gain during the period of his leave.

(4) (a) When an employee is about to take his paid leave, the moneys payable to him for the purpose thereof shall, save as provided in clause 9bis (6) of Part I, be paid to him in cash by his employer on his ceasing work to go on holiday.

(b) The employer shall, at the time of making payment referred to in paragraph (a) and in clauses 3 and 4 of this Section, forward to the Council a leave pay and bonus receipt drawn up in a form acceptable to the Council and containing the employee's signature as a receipt for the payment.

(5) (a) When the employment of an employee terminates before he becomes entitled to paid leave in terms of sub-clause (3) he shall, according to whether the establishment works a six-day week or a five-day week, be furnished with a voucher drawn up in a form acceptable to the Council setting out the number of shifts which count for leave purposes.

The employee shall receive the voucher at the same time as he leaves the employer's service and the employer shall immediately forward to the Secretary of the Council the money equivalent of the leave bonus to which the employee is so entitled, computed as provided for in subclause (1) or subclause (2), whichever is applicable, less any deduction compelled by law for income tax.

(b) Drivers, labourers and watchmen shall be paid the money equivalent of the pro rata leave pay on termination of employment.

(6) Except as otherwise provided herein, employment for the purposes of this clause shall be deemed to commence from the date on which an employee enters the employer's service, or, whichever is the later, the date on which he last became entitled to the paid leave, and includes—

(a) not more than four months of any one unbroken period of military service which an employee undergoes in pursuance of the Defence Act, 1957;

(b) shifts which would normally have been worked during periods of absence on the additional week's paid leave or accumulation thereof in terms of clause 3 (1) of this Section.

(7) The Council may make reciprocal arrangements with any other industry for the interchange of leave vouchers for the benefit of employees leaving the Industry.

3. ADDITIONAL PAID LEAVE

(1) Subject to subclause (3) an employee qualifying after the date of coming into operation of this Agreement for his fifth or subsequent consecutive paid leave deriving from continuous employment with the same employer as provided for in terms of clause 2 (3) of this Section shall at that date and each year thereafter, whilst in the employ of the same employer, be entitled to an extra week's paid leave at the employer's convenience or to the equivalent value thereof: Provided that by mutual arrangement between the employer and the employee—

(i) the paid leave referred to in clause 2 (3) of this Section may be extended by an extra week; or

(ii) the extra week's paid leave may be deferred from the year of qualification and accumulated by the employee until he qualifies for three such weeks' paid leave.

(2) Wanneer die werkgewer en die werknemer tot 'n ooreenkoms geraak soos in subklousule (1) (ii) bepaal en die werknemer vir drie sodanige ekstra weke verlof met besoldiging (hierna die "opgehoopte verlof" genoem) gekwalifiseer het, moet die werkgewer die opgehoopte verlof met besoldiging toestaan en moet die werknemer dit neem wanneer die verlof met besoldiging waarvoor daar in klousule 3 (3) van hierdie Seksie voorsiening gemaak word, aan hom toegestaan word en hy dit neem, tensy—soos wel kan gebeur—die werkgewer en die werknemer ooreengekom het dat die opgehoopte verlof met besoldiging op 'n ander tyd geneem word: Met dien verstande dat die werkgewer en die werknemer in elk geval in staat moet stel om die opgehoopte verlof met besoldiging te neem in die tydperk voordat hy vir sy volgende verlof met besoldiging kwalifiseer, en as die werknemer versuim om die opgehoopte verlof met besoldiging binne sodanige tydperk te neem, vervel sy reg daarop.

(3) Wanneer 'n werknemer wat vir sy vyfde verlof met besoldiging ooreenkomstig subklousule (1) kwalifiseer slegs 'n gedeelte van die kwalifiserende tydperk van die eerste verlof met besoldiging by die betrokke werkgewer in diens was, is hy geregtig op 'n gedeelte van die ekstra week verlof met besoldiging of die ekwivalente waarde daarvan, in verhouding tot die verlofkwalifikasie wat hy ten opsigte van die eerste verlof met besoldiging by daardie werkgewer voltooi het. By kwalifisering vir latere agtereenvolgende verlof met besoldiging, is subklousules (1) en (2) *mutatis mutandis* van toepassing.

(4) By die beëindiging van die diens van 'n werknemer wat geregtig geword het op die addisionele verlof met besoldiging waarvoor daar in hierdie klousule voorsiening gemaak word, maar nog nie die ekwivalente waarde daarvan ontvang het nie, moet die werknemer betaal word vir dié ekstra verlof met besoldiging waarvoor hy gekwalifiseer het maar wat hy nie ontvang het nie.

(5) Hierdie klousule is nie van toepassing op 'n vakleerling en/of kwekeling nie, ongeag sy dienstydsperk by dieselfde werkgewer.

4. VERLOFBONUS

Vir die toepassing van hierdie klousule beteken—

"verlofkwalifikasie" die kwalifikasie vir die verlof met besoldiging in klousule 3 van hierdie Seksie voorgeskryf en het die uitdrukking "verlofsiklus" 'n ooreenstemmende betekenis.

(1) Waar 'n werknemer op wie hierdie subklousule van toepassing is na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms vir sy verlof met besoldiging kwalifiseer en dit neem, moet hy terselfdertyd 'n verlofbonus betaal word, bereken volgens die getal agtereenvolgende verlofsiklusse wat op die datum van kwalifikasie vir sy verlof met besoldiging by dieselfde werkgewer voltooi is, of 'n bedrag in verhouding tot die tydperk vanaf die datum van indiensneming in die geval van 'n werknemer wat vir sy eerste verlof met besoldiging 'n werkgewer se diens kwalifiseer, ooreenkomstig die volgende tabel:

	Eerste verlofsiklus	Tweede verlofsiklus	Derde verlofsiklus	Vierde verlofsiklus	Vyfde of latere verlofsiklusse
Geregistreerde draadwerker, spesialisambagsman en ambagsman...	R	R	R	R	R
Arbeider (Loon H en I).....	140	150	200	225	250
Drywer en Wag Loon D en DDD.....	35	43	50	56	63
Leerlinginstalleerder van elektriese leipype.....	25	32	40	45	50
Installeerder van elektriese leipype.....	50	54	83	101	113
	42	42	—	—	—
	57	83	86	111	138

(2) Ondanks subklousule (1), moet 'n ambagsman wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms 'n hoër verlofbonus ontvang het as wat in genoemde subklousule (1)

(2) Whenever the employer and the employee come to the arrangement provided for in subclause (1) (ii) and the employee has qualified for three such extra weeks' paid leave (hereinafter referred to as the "accumulated paid leave"), the employer shall grant and the employee shall take the accumulated paid leave when he is given and takes the paid leave provided for in clause 2 (3) of this Section unless, as may be, the employer and the employee agree to the accumulated paid leave being taken at a different time: Provided that the employer shall in any case enable the employee to take the accumulated paid leave in the period before he next qualifies for paid leave, and if the employee fails to take the accumulated paid leave within such period, his title thereto shall cease.

(3) Where an employee qualifying for his fifth paid leave in terms of subclause (1) was in the employ of the employer concerned for part only of the qualifying period of the first paid leave, he shall be entitled to a proportion of the extra week's paid leave or the equivalent value thereof pro rata to the leave qualification completed with that employer in respect of the first paid leave. On qualification for any subsequent consecutive paid leave the provisions of subclauses (1) and (2) shall *mutatis mutandis* apply.

(4) Upon the termination of the employment of an employee who has become entitled to but has not yet received the equivalent value of the additional paid leave provided for in this clause, he shall be paid for such extra paid leave as he has qualified for and not received.

(5) The provisions of this clause shall not apply to an apprentice and/or trainee regardless of his period of service with the same employer.

4. LEAVE BONUS

For the purposes of this clause—

"leave qualification" shall be the qualification for the paid leave prescribed in clause 2 of this Section and the expression "leave cycle" shall have a corresponding meaning.

(1) Whenever an employee to whom this subclause applies qualifies for and takes his paid leave after the date of coming into operation of the Agreement he shall at the same time be paid a leave bonus calculated according to the number of consecutive leave cycles completed with the same employer at date of qualification for his paid leave or pro rata from date of engagement in the case of an employee qualifying for his first paid leave in the service of an employer, in accordance with the Schedule hereunder:

	First leave cycle	Second leave cycle	Third leave cycle	Fourth leave cycle	Fifth or more leave cycles
Registered wireman, specialist artisan and artisan...	R	R	R	R	R
Labourers (Rates H and I).....	140	150	200	225	250
Driver and watchman....	35	43	50	56	63
Rates D and DDD.....	25	32	40	45	50
Learner electrical conduit installer.....	50	54	83	101	113
Electrical conduit installer..	42	42	—	—	—
	57	83	86	111	138

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), an artisan who at the date of commencement of this Agreement was in receipt of a leave bonus higher than that prescribed in the

voorgeskrif word, terwyl hy in die diens van dieselfde werkgewer bly, sodanige hoër bonus bly ontvang: Met dien verstande dat hierdie subklousule van toepassing is slegs op 'n ambagsman wat sy werkgewer kan oortuig dat—

(i) hy by die Registrasieraad vir Elektrotegniese Draadwerkers, ingestel kragtens artikel 2 van die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers, 1939, geregistreer het om die Raad se eksamen vir draadwerkers af te lê, of

(ii) hy die houër is van 'n voorlopige sertifikaat uitgereik kragtens artikel 13 (1) van die Wet op Elektrotegniese Draadwerkers en Aannemers, 1939, of

(iii) hy hom op die eerste moontlike datum deur die Raad bepaal vir genoemde eksamen aangemeld het.

(3) *Vakleerlinge*.—Subklousule (1) is nie van toepassing nie op vakleerlinge wat, wanneer hulle hul verlofbesoldiging betaal word, terselfdertyd die volgende verlofbonus betaal moet word:

'n Verlofbonus, bereken op die datum van kwalifisering vir die verlof met besoldiging in die eerste, tweede, derde, vierde en vyfde leerjare:

	R
Eerste jaar verlofkwalifikasie.....	80
Tweede jaar verlofkwalifikasie.....	97
Derde jaar verlofkwalifikasie.....	113
